

Gereformeerde Kerk Bellville – 8 Mei 2016 – Aand

Sing vooraf staande: Skrifberyming 1-3:1, 2

- 1 So lief het God die wêreld / dat Hy vir ons sy Seun,
sy enigste, gegee het – / ons Redder, Lig en Steun.
Wie in Hom glo, sal lewe, / sal nooit verlore gaan;
maar het die ware lewe / as God se erfgenaam.
- 2 Die Seun het nie kom oordeel – / Hy kom om vry te spreek.
Sy koms het oor die wêreld / 'n nuwe dag laat breek.
Maar hulle wat nie glo nie / bly selfveroordeeld staan:
Die liefde vir die duister / laat hul verlore gaan.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 18:1, 14 (p. 71)

- 1 Ek het U hartlik lief, o HEER! / U is my sterkte en teëweer.
Die HEER's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.
- 14 Gods weg is gans volmaak soos Hy, sy woord van al wat smet is, vry,
soos goud, gelouter sewe maal. / Hy is 'n skild van keurmetaal
vir almal wat op Hom vertrou. / Want wie's daar buiten U, o Heer!
U is die Rots, geen ander meer, / op wie ons altyd weer kan bou.

Gebed

Psalm 89:1, 6 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die ewige guns wat U aan ons bewys
het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.
- 6 Hoe salig is die volk wat luister na u woord, / hul wandel in die lig wat van U afstraal, voort.
Hul sal hul in u diens, waaraan hul toegewy is, / die ganse dag verheug, omdat hul in U bly is;
hul prys u grote krag wat alle krag oortref het, / en u geregtigheid wat hul weer opgehef het.

Skriflesing: Hosea 2:1-22; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 3 en 4, Artikel 16

Kernvers: Hosea 2:13, 18-19

Kyk, Ek sal haar lok en haar in die woestyn lei en na haar hart spreek.

**En Ek sal My met jou verloop tot in ewigheid en My met jou verloop in
geregtigheid en in reg en in goedertierenheid en in ontferming. En Ek
sal My met jou verloop in trou; dan sal jy die HERE ken.**

(Hosea 2:13, 18-19 AFR53)

Dordtse Leerreëls

Hoofstuk 3 en 4, Artikel 16

*Die mens het egter nie deur die sondeval opgehou om mens, toegerus met verstand en
wil te wees nie. Die sonde wat die hele menslike geslag deurdring het, het die natuur van
die mensdom nie weggeneem nie, maar dit bederf en in geestelike sin gedood.*

Daarom werk hierdie Goddelike genade van die wedergeboorte nie in die mens asof hulle stokke en blokke is nie; ook vernietig dit nie die wil en sy eienskappe nie en dwing dit nie met geweld teen sy sin nie. Die genade maak die wil geestelik lewend, genees, verbeter en buig dit tegelykertyd lieflik en kragtig. Terwyl sondige opstandigheid en verset dit vroeër volkome oorheers het, begin 'n gewillige en opregte gehoorsaamheid aan die Gees nou die oorhand daaroor kry. Hierin lê die ware en geestelike vernuwing en die vryheid van ons wil.

Inderdaad, as die uitnemende Werkmeester van alle goeie dinge nie so met ons gehandel het nie, sou die mens glad geen hoop gehad het om deur sy vrye wil uit die sondeval op te staan nie. Deur sy vrye wil het hy homself, toe hy nog gestaan het, in die verderf gestort.

'n Verduideliking by artikel 16

Wanneer 'n mens bely hoe die Here die bekering en weergeboorte en geloof in die mens werk, kan dit maklik klink asof die mens soos 'n lewelose pop is waarin die Here hierdie nuwe lewe in die mens ingee. Daarom kan die mens wat uit sy geestelike dood so lewendig geword nie anders nie as om te lewe en te glo nie.

Hier in artikel 16 begin ons weer by die daardie donker verlede van gelowiges – die sondeval – sodat ons die heerlike werk van God duideliker kan raaksien. Die sondeval het die mens wel geestelik doodgemaak, maar dit beteken nie dat die mens nie meer 'n verstand of 'n wil het nie.

Na die sondeval het mens 'n verdorwe verstand en wil. Die sondeval het die mens beroof van sy volmaakte kennis van God en volmaakte wil om met God se wil ooreen te stem. Na die sondeval het die mens 'n verstand en 'n hart wat kwaad bedink, want hy is nou vyandig teenoor die Here. Aangesien die mens in sy hart net boosheid bedink, neig sy wil aanhoudend na daardie kwaad wat bedink.

Na die sondeval is die mens dus 'n eiewillige, moedswillige skepsel wat net wil maak wat hy wil. Daarom, wanneer die Heilige Gees die Goddelike genade van die weergeboorte in die mens werk, werk Hy nie met 'n lewelose pop nie – soos ons bely: asof die mens 'n stok en blok is. Die Heilige Gees werk met 'n mens wat vyandig is teenoor die Here.

Beelde is maar gebrekkig, maar om iets van die Heilige Gees se werk met die mens duidelik te maak kan 'n mens aan die volgende dink: Die mens met wie die Heilige Gees werk is soos 'n skoppende, skreeuende kind wat aan die hand van 'n grootmens gehoorsaamheid moet leer.

Die Heilige Gees vernietig nie die mens se bouse wil en verkeerde geaardheid nie. Hy dwing die mens ook nie gewelddadig teen sy sin om iets te word wat hy nie wil wees nie. Nee, wanneer die Heilige Gees tot in die binneste dele van die mens indring, maak Hy **die wil geestelik lewend, genees, verbeter en buig dit tegelykertyd lieflik en kragtig.**

Hoe meer en hoe langer die Heilige Gees met die mens besig is, begin daar 'n radikale verandering by die mens intree. Hoe beter die mens die genade en die vriendelike aangesig van God leer ken, hoe meer begin die sondige opstandigheid en verset plek maak vir ge-willigheid en opregte gehoorsaamheid aan die Gees. Die Heilige Gees bring die mens dus uit die donker, muwwe wêreld van sonde en ellende uit. En wanneer die mens wat weer gebore is die eerste maal die asem van die nuwe lewe in sy verstand, hart en wil gevoel het, wil hy ook nou self glo. Nou is die mens eers lewendig en vry om die Here te kan dien en regtig te lewe.

Die mens sou nooit self uit die sondeval wou opstaan nie. 'n Skoppende, skreeuende kind wil nie self gehoorsaam word nie, want hy wil sy sin hê. En as hy nie sy sin kry nie, gaan hy aanhou skop en skree. Die mens kan nie self uit die sondeval opstaan nie, want hy het nie meer 'n vrye wil nie. Toe hy nog 'n vrye wil gehad het, het hy homself in die verderf gestort omdat hy eerder vir die duiwel as vir die Here geluister het.

Tema: Hoe God die mens verander om Hom lief te hê

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, dit is gewoonlik die mense vir wie jy lief is wat jou die seerste kan maak. Daar is grade van seerkry in verhoudings. Die laagste graad is die snedige opmerking van 'n vreemdeling. Jy sal jou waarskynlik nie eers baie steur aan so iemand se opmerking nie. Wanneer vriende egter bots, pla dit 'n mens meer, want jy leef nader aan die vriend as aan 'n vreemdeling. Dan kry 'n mens die hartseer wanneer ouers en kinders van mekaar vervreemd geraak het. Maar wanneer daar 'n breuk tussen huweliks-maats gekom het as gevolg van troubreuk, is dit die seerste seer. 'n Mens kry amper nie woorde om hierdie seer te beskryf nie, veral nie wanneer dit 'n huweliksmaat is wat owerspel gepleeg het nie.

Omdat woorde nouliks die hartseer kan beskryf wanneer 'n eggenoot die huwelik geminag het en met ander mense intieme verhoudings aangeknoop het, moes die profeet Hosea self so 'n verbrokkelende verhouding beleef. Die Here het Hosea beveel om met 'n prostituut te trou. Gomer was die vrou met wie Hosea moes trou.

Net so tussen hakies, dit is enigste keer dat die Here ooit 'n kind van Hom beveel het om so 'n huwelik aan te gaan. Daarom kan 'n mens nie jou eie liefdesverhouding met iemand wat twyfelagtige morele waardes het met hierdie Skrifgedeelte regverdig nie. Hierdie was 'n uit-sonderlike omstandigheid. Die profeet van die Here moes self die hartseer beleef wat die Here beleef het oor sy volk se eiewillige moedswilligheid. Met oortuiging het Hosea dan

die Woord van die Here aan Israel verkondig omdat hy eerstehands die hartseer beleef het wat die Here oor jare in sy hart gevoel het.

Broers, susters en kinders, ons eie verhouding met die Here kan ook nie in duideliker taal as dié wat Hosea gepreek het oorvertel word nie. Ons belydenis in artikel 16 begin in daardie pikswart, donker verlede van die mensdom – die sondeval. Die sondeval het nie die wese van die mens verander nie. Die mens het nie in 'n verstandelose dier verander nie. Alhoewel Dawid homself by geleentheid 'n wurm noem, doen hy dit om te sê hoe hy deur mense verag word (Ps 22:7). En as Asaf sê dat hy homself soos 'n redelose dier gedra het teenoor die Here, doen hy dit om te sê hoe dom hy was om te dink dat die goddelose mense beter daaraan toe is omdat hulle so ryk is (Ps 73:21-22).

Deur die genade van die Here het die mens 'n mens gebly – toegerus met 'n verstand en wil. Maar waar die mens voorheen in die hegte verhouding met die Here saamgeleef het, het die mens soos 'n prostituut gemaak. Die duiwel het vertel van al die wonderlike dinge wat die mens sou kry as hulle maar net een keer nie doen wat die Here verwag nie. Hulle moes net een keer ontrou wees aan die Here.

Sonder om na te dink oor die Here se troue sorg en innige liefde wat die mens tot in daardie stadium geniet het, het die mens agter die verleiding van die duiwel aangegaan. Geestelik het die mens op daardie dag gesterf. Die mens het die vrye wil wat hy gehad het

om vir of teen die Here te kies misbruik en homself in sonde en ellende gedompel. Van toe af het die mens nie meer 'n vrye wil om self vir die Here te kies nie. Die duiwel het dit reggekry om die mens met een oortreding in 'n web van sonde vas te vang. Die mens is van die sondeval af 'n slaaf van die sonde.

Alhoewel die mens nog van God geweet het na die sondeval wou hy nie meer onder die gesag van die Here lewe nie. Alhoewel die mens geweet het dat daar net een God is, het hy in sy wegbeur van die Here af vir homself al hoe meer gode uitgedink. As die Here dan hier in Hosea praat van sy volk se minnaars praat Hy van hierdie gode wat die mensdom vir hulleself uitgedink het. In die oë van die Here is hierdie opstandige verset teen Hom en die geneigdheid van die mens om agter sy eie versinsels aan te loop niks minder as die skande-like optrede van 'n prostituut nie. Eiewilligheid is afgodery sê die Here (1 Sam 15:23).

Geliefdes, baie van ons het al seker met iemand te doen gekry wat verslaaf aan iets geraak het. En iemand wat al so 'n verslaafde probeer help het, weet watter opdraande pad dit is. Jy moet so een letterlik oppas soos 'n babatjie dat hy nie weer tot sy ou gewoontes verval nie. Hy neig aanhoudend terug na daardie ding waaraan hy verslaaf is. Om so iemand teen sy sin te probeer help gaan niks help nie. Vir die een wat probeer help is daar net frustrasie, want die verslaafde gaan net meer en meer uitgeslape raak of selfs opstandig.

Die onbekeerde mens is 'n verslaafde, want hy is 'n slaaf van die sonde. En om ons te laat verstaan hoe skandelik en afskuwelik hierdie verslawing aan die sonde is gebruik die Here hierdie beeld van 'n prostituut. 'n Prostituuat is verslaaf aan die lewe waarin sy haarself aan haar minnaars ontbloot en oorgee. Die onbekeerde mens kan nie van die sonde af wegbly nie. Dit is al wat hy wil doen. Wanneer die Here met die onbekeerde mens begin werk, is dit soos Hosea se huwelik met die prostituut Gomer.

Nou laat die Here ons duidelik sien dat 'n hardhandige manier van werk met die sondaar niks help nie. Die Here sê self dat Hy sy owerspelige vrou se pad met dorings versper het sodat sy nie by haar minnaars kon uitkom nie. As sy lank genoeg op 'n hardhandige wyse van haar minnaars af weggehou word, sal sy miskien terugverlang na haar Man. Maar dit het nie gebeur nie. Die volk wou nie erken dat die Here aan haar koring en olie en vlas gegee het nie. Sy het onder die indruk gebly dat dit geskenke van haar minnaars is – die afgode agter wie sy so aangeloo het.

Die onbekeerde mens met wie die Heilige Gees begin werk, is dus nie sonder verstand of wil nie. Hy het 'n bose wil en hy wil heelyd doen wat hyself wil en dit is maar net sonde. Die Heilige Gees vernietig ook nie die onbekeerde mens se wil nie. Hy dwing hom ook nie gewelddadig teen sy sin nie. Die Heilige Gees is egter almagtig en kan op 'n wyse werk wat vir die mens selfs in sy opstandigheid onweerstaanbaar is.

En dit is wat die Here aan ons openbaar in vers 13:

Kyk, Ek sal haar lok en haar in die woestyn lei en na haar hart spreek.
(Hosea 2:13 AFR53)

In die taal wat ons mense kan verstaan vertel die Here vir ons wat Hy deur sy Gees met die eiewillige en moedswillige onbekeerde mens doen. Die Here sal sy volk wat haar soos 'n prostituut gedra het weer met liefdeswoorde na Hom toe lok. Die woestyn klink nou nie vir ons na 'n plek waarheen jy die meisie van wie jy hou sal neem nie. Die Here lei sy volk

die woestyn in, want dit is in die woestyn by die berg Sinai waar die Here destyds die huweliksverhouding met sy volk begin het. Hy herinner haar aan sy liefdestrou van vroeër en haar beloftes wat sy aan Hom gemaak het. Hy sal weer na haar hart spreek.

In die boek Spreuke staan daar geskryf:

Daar is drie dinge, nee, vier wat bo my begrip is, wat ek nie verstaan nie: hoe 'n aasvoël in die lug bly, hoe 'n slang teen 'n rots op seil, hoe 'n skip op die diepsee vaar en hoe die liefde tussen 'n man en 'n meisie werk. (Spreuke 30:18-19 AFR83)

Die eerste drie dinge kan ons vandag met ons wetenskaplike kennis verklaar en verduidelik. Maar selfs met al die kennis wat ons vandag het is dit steeds moeilik om te verduidelik hoe die liefde tussen 'n man en 'n meisie werk. Elkeen wat al verlief was, weet ook nie hoe die liefde tussen 'n man en 'n vrou werk nie. Hoeveel verhoudings is daar nie waar die meisie aanvanklik geen belangstelling in die man gehad het nie, maar uiteindelik het sy ook op hom verlief geraak en hulle is baie gelukkig getroud. Met volharding in sy hofmakery van die meisie het die man op die ou end die meisie se hart gewen.

Iets van wat tussen mense gebeur, sê die Here, sal Hy ook met mense doen. Die Heilige Gees lok die mens met die Here se liefdeswoorde. Die Here se liefdeswoorde aan die mens is nie vleitaal nie. Hy sê ook nie dinge wat nie waar is nie. Met die waarheid oor sy liefde vir die mens spreek Hy na die hart van die mens. Die Heilige Gees laat die mens hoor watter groot liefde God regtig vir die mens het – Hy het die mens so lief dat Hy sy lewe vir haar sal aflê. En dit is nie maar net praatjies nie.

Die Heilige Gees lok die mens met die Woord al nader aan die kruis van Jesus Christus. Die Here sê nie net dat Hy oor berge en oseane sal gaan om die liefde van die mens te wen nie. Jesus Christus het regtig sy lewe vir sy bruid afgelê, sodat Hy haar met sy bloed en Gees kan reinig en mooi maak. Hy wil uiteindelik sy bruid voor sy Vader bring en dan mag daar nie meer vlekke en plooië wees nie.

Die Here lok nie die sondige mens met sy liefde omdat Hy onvolledig sonder die mens is nie. Inteendeel, God het niks nodig om volmaak te wees nie. Hy is in Homself volmaak en tevrede. God sal nie minder God wees as daar nie mense is wat Hom liefhet en sy lof besing nie. Maar tog wil die Here sy innige liefde en sorg vir mense gee. Hy wil genade aan mense bewys. Daarom het die Seun na die wêreld gekom om hulle wat verlore is te soek en te red. En dit is hierdie onbaatsugtige liefde van Christus wat selfs vir 'n opstandige sondaar mettertyd onweerstaanbaar raak.

Afgesien van die liefdeswoorde van die Here waarmee die mens na die Here gelok word, werk die Heilige Gees tegelykertyd in die binneste dele van die mens. Die Here belowe sy volk dat Hy Homself aan haar sal verloop in geregtigheid, reg, goedertierenheid, ontferming en trou. In die Ou-Testamentiese tyd het die man aan die ouers van die bruid 'n bruidsprys betaal. Daarmee het hy sy erns om met die meisie te trou laat blyk.

Geregtigheid, reg, goedertierenheid, ontferming en trou is die bruidsprys wat die Here gee wanneer Hy Homself aan sy bruid verloop. Aangesien die bruid nie ouers het wat die bruidsprys kan ontvang nie, ontvang die bruid self die bruidsprys. As ons mooi oplet sal ons opmerk dat die bruidsprys die beskrywing van God se eie karakter is. En dit is nie maar iets wat Hy in die verhouding inbring nie. Die Heilige Gees plant hierdie karakter in die bruid oor. Soos ons bely: Die Heilige Gees maak die wil geestelik lewend, genees, verbeter en buig dit tegelykertyd lieflik en kragtig.

Die mens in wie die Heilige Gees so werk kan dit nie verklaar nie, maar as hy dit agterkom

kan hy sê dat hy die Here ook van harte liefhet. Hy wil nie opstandig wees nie, maar gehoorsaam. Hy wil nie meer agterbaks wees nie, maar opreg.

Laat ons die Here loof en prys vir die wyse waarop Hy met mense werk. Laat ons Hom dank vir die liefde wat die Heilige Gees in ons harte uitgestort het sodat ons ook die Here van harte kan liefhê. Laat ons die Here dank dat sy verhouding met sy mense permanent is. Mag die Heilige Gees ons verhouding met die Here ook so innig maak dat ons die Here werklik kan ken.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 2-4:1, 3 (33:1, 3)

- 1 Wat 'n liefde en volheidslewe, / waar ons bly ons in beroem,
het die Vader ons gegewe / dat Hy ons sy kinders noem!
Maar die wêreld weet van dié / wat uit God gebore is, nie,
het die kennis van die Heer nie / as hul hoogste goed begeer nie.

- 3 Wie die Midd'laar se verskyning / inwag uit die heiligdom,
soek van harte die verreining / wat daar uit sy sterwe kom.
Teen die sonde duur die stryd: / "Sonde is ongeregtigheid!
Maar ons lewe uit God gebore, / is tot heilig-wees verkore!"

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
8 Mei 2016